EXECTRUST
(Edms) Bpk

Voorheen Trustee Kamer
(Edms) Bpk

Reg. Nr/No 1957/001017/07

Bestorwe Boedel Spesialiste

Trust Administrasie

Kuratorskap Administrasie

Testament konsultasie en opstel

Ontdekkersweg 460
Florida Park 1710
Posbus 21451
HELDERKRUIN 1733
Foon (011) 472 9308
Faks 0866 74 9909
Sel 084 602 9127

HOE LANK TERUG HET U U TESTAMENT NAGEGAAN?

Volgens Suid Afrikaanse wet, sou u te sterwe kom sonder om 'n geldige testament na te laat, sal u boedel intestaat vererf. Hierdie is nie gewoonlik wat u in gedagte het rakende die verdeling van u bates. Kortliks, u boedel sal dan tussen u naaste bloedverwantes verdeel word in persentasies soos uiteengesit in die Wet op Intestate Erfopvolging. Indien daar 'n geval is waar 'n spesifieke bloedverwante nie opgespoor kan word nie, sal sy/haar erfenis aan die Meester van die Hoggeregshof se Voogdyfonds betaal word waar dit vir 'n tydperk van 30 jaar gehou sal word. Indien sy/hy dit nie binne hierdie tydperk eis nie, sal dit dan aan die staat verbeur word. Die enigste wyse om hierdie situasie te voorkom, is om 'n testament op te stel en die bates volgens u wense tussen u erfgename te verdeel.. Dit is noodsaaklik om u Testament gedurig na te gaan om seker te maak dat dit wel nog volgens u wense is en uitvoerbaar is.

WAT NOG?

Die belangrikste aspekte van u testament is die volgende :

1. U testament moet alle vorige geskrewe testamente herroep en kanselleer en die laaste geskrewe dokument bevestig as u laaste testament.
2. Dit is ook belangrik om seker te maak dat u boedel voldoende kontant het om alle skuld en administrasie kostes te delg.
3. Baie belangrik is die feit dat u 'n Eksekuteur moet benoem. Onthou dat hierdie persoon/instansie sy pligte as Eksekuteur moet verstaan en hy moet weet wat sy pligte is. Hierdie persoon/instansie moet verantwoordelik genoeg wees om die pligte van 'n Eksekuteur uit te voer.
4. Laastens, u Testament moet 'n datum vertoon. Dit is ook 'n manier hoe u bevestig dat die dokument wel u laaste Testament is.

Daar is ook talle ander aspekte waarna gekyk moet word en waarvoor voorsiening gemaak moet word (bv. 'n Trust vir minderjarige erfgename) maar die bogemelde punte is van die belangrikste om na te kyk.

U moet ten alle tye seker maak dat u die Eksekuteur se taak nie vermoeilik nie. Bv. Familie twiste kan lei tot lank en onnodige vertragings met die berdderingsproses.

'n Verkeerde indruk is geskep met die gemiddelde Suid Afrikaner dat dit maklik is om 'n Testament van 'n oorledene te betwis. Hierdie is hoegenaamd nie die geval nie. Om dit kortliks te stel, die party wat die aansoek bring om 'n Testament van 'n oorledene ter syde te stel moet letterlik kan bewys dat die Testateur/testatriese nie by hul volle sinne was toe hulle die testament geteken het, of daar moet bewys kan word dat die Testateur/testatriese beëinvloed was ten tye van die ondertekening van die testament. Die hof sal altyd kyk na wat die bedoeling van die oorledene was ten tye van ondertekening van die testament. Verder moet ons nie uit die oog verloor van hoe besig die howe is en die kostes daaraan verbonde om so 'n aansoek voort te sit. Die gevare is amper eindeloos as mens dink. Bv. die oorledene het miskien 'n lopende besigheid en dié sal moet stil staan tot tyd en wyl die hof beslis het, alternatiewelik, 'n Kurator sal aangestel moet moet om die besigheid voort te sit terwyl die hof aansoek voort gesit word. As gevolg hiervan kan inkomste drasties verminder word.

Nog iets om aan te dink is bates wat oorsee is. Indien u wel in so 'n posiesie is, is dit altyd veiliger om 'n testament vir daardie bates op te stel. Onthou dat een land se regstelsel nie dieselfde as die volgende ene is nie.

Verdere inligting kan van ons verkry word by die nommers verskaf.

KREDIET LEWENSVERSEKERING

Dis een aspek wat altyd uit die oog verloor word. Deesdae kan die gemiddelde gesin nie sonder krediet klaar kom nie. Neem in ag die pryse van motors en huise. Laasgenomde is ernstige skuld en kan 'n boedel uitwis indien onvoldoende voorsiening gemaak word nie. Dit maak nogal sin om die ekstra uitgawe aan te gaan om hierdie versekering uit te neem. Deur voorsiening te maak, los u weer 'n groter gedeelte na vir u nakomelinge. Onthou net, agterstallige rekeninge kan ernstige nagevolge hê.